

Gereformeerde Kerk Bellville – 19 Februarie 2017 – Voorbereiding

Sing vooraf staande: Psalm 15:1, 2 (p. 57)

- 1 Wie styg so hoog in heil en eer, dat hy met U, die grote Koning,
met U, die allerhoogste HEER, / kan op u heil'ge berg verkeer / en intrek in u heil'ge woning?
- 2 Dié wat, opreg in sy gemoed, / na Gods verhewe eis wil handel,
hom vir bedrog en leuen hoed; / en is dit voor- of teëspoed, / die waarheid spreek in hart en wandel.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 48:1, 5 (p. 243)

- 1 Die HEER is groot waar Sions top / hom wentel uit die dieptes op.
Hy is lofwaardig, waar verhewe / die berg en stad in songlans bewe,
en Sion teen die noorde / blink, bó die lof van woorde.
Daar waar in vlekkelose wit / die Koning van die wêreld sit,
het Hy, wat een die vyand waak, / as rotsburg Hom bekend maak.
- 5 Laat Sions berg weerklink van vreug! / Laat Juda's dogters hul verheug,
omdat Gods oordeel hul verbly het – / dié oordeel wat sy volk bevry het.
Aanskou die stad met skanse, / paleise, toringtranse –
hoedat hul pryk met nuwe prag. / En meld dit aan die jong geslag:
Die God is onse God, en Hy / sal tot die dood toe ons gelei.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 19:5, 6 (p. 83)

- 5 Die HEER se vrees is rein, / dit open 'n fontein / van heil wat ewig bly.
Die wette van die HEER / is waarheid immermeer, / regverdig net soos Hy.
Hul's soos die fynste goud – / ja, fyner duisendvoud – / geen glans wat so kan straal nie;
geen heuning is so goed, / geen heuningdrup so soet – / daar's niks wat daarby haal nie.
- 6 Hoe word, deur U vermaan, / my weg 'n helder baan, / en my verwagting skoon!
Hy wat u wet bemin, / die vind, o HEER, daarin / 'n groot genadeloon.
Wie kan van voor af aan / sy dwalinge verstaan / en al wat hom ontbreek het?
HEER, reinig U my tog / van sondes wat daar nog / diep in my hart bly steek het.

Gebed

Skrifberyming 11-3:8, 9, 10 (Sb 16)

- 8 Salig die wat hier vervolg word / en vir reg en waarheid ly,
want die koninkryk der heemle / is vir hul as loon berei.
- 9 Salig die wat hier gesmaad word, / onder lyde lydsaam-stil;
die wat wegkwyn onder laster / en dit dra om Christus wil.
- 10 Juig, want hul het die profete / ook gemartel en gehoon!
Juig en Jubel! Uit die hemel / wink die skone oorwinnaarsloon.

Skriflesing: Daniël 7

Kernverse: Daniël 7:23-26

Só het hy gesê: Die vierde dier – die vierde koninkryk sal op die aarde wees, wat verskil van al die koninkryke en die hele aarde sal verslind en

dit sal vertrap en dit verbrysel. En die tien horings – uit daardie koninkryk sal tien konings opstaan, en 'n ander een sal ná hulle opstaan, en hy sal verskillend wees van die voriges en drie konings neerwerp. En hy sal woorde spreek teen die Allerhoogste en die heiliges van die Allerhoogste mishandel; en hy sal probeer om tye en wet te verander, en hulle sal in sy hand oorgegee word gedurende 'n tyd en tye en die helfte van 'n tyd. Maar die gereg sal sit, en hulle sal hom die heerskappy ontnem om dit vir goed te verdelg en te vernietig.
(Daniël 7:23-26 AFR53)

Tema: Die vierde dier op sy hoogtepunt en dan ... sy einde

Geliefde gemeente van ons Here Jesus, wanneer ons Skrifgedeeltes lees soos Daniël 7 of Openbaring 13 of Matteus 24 moet ons vier dinge onthou. Eerstens, die Here openbaar hierdie dinge nie aan sy volk om hulle die skrik op die lyf te jaag nie. Ja, die beelde van die dinge wat die Here openbaar is skrikwekkend en vreesaanjaend sodat selfs Daniël beangs en baie ontsteld geword het. Maar met die angs en ontsteltenis wat hierdie dinge in gelowiges veroorsaak dryf die Heilige Gees die gelowiges om al meer en meer hulle toevlug tot Jesus Christus te neem. Hy is immers hulle goeie Herder en aan Hom is alle mag in die hemel en op die aarde gegee.

Tweedens openbaar die Here hierdie dinge aan sy gelowiges sodat hulle voorbereid kan wees op wat Hy in die wêreld gaan laat gebeur. In Matteus 24 het Jesus vir die dissipels gesê dat mense gereed maak vir die somer wat gaan aanbreek, want hulle kom agter dat die vyeboom se takke begin sag word (Matt 24:32). Dus, wanneer die kerk sien hoe hierdie dinge waarvan die Here skryf begin gebeur en al meer gereeld gebeur, weet hulle dat die wederkoms van Jesus op hande is. Die Here het immers self aan Amos gesê dat Hy niks doen tensy Hy sy raadsbesluite aan sy diensknegte, die profete, bekend gemaak het nie (Amos 3:7).

Derdens, moet 'n mens asseblief tog nie dink dat hy met openbarings soos hierdie in Daniël 7 berekenings kan begin doen om die datum van Jesus se wederkoms vas te stel nie. Toe Jesus aan sy dissipels gesê het dat die tempelgeboue afgebreek sal word, wou hulle weet wanneer, en wanneer dit die einde van die wêreld sal wees. Jesus het nie vir hulle vertel wanneer die einde sal wees nie, maar net gesê wat alles moet gebeur voor die einde. Niemand nie behalwe die Vader alleen weet wanneer die einde sal aanbreek.

En in die laaste plek, ons moet nie ook die fout maak wat so baie mense dikwels maak nie. Wanneer hulle van hierdie laaste dinge hoor – die oorlog en geweld wat die ganse wêreldmagte teen die gelowiges loods en uiteindelik die laaste oordeel – dan skuif hulle die laaste dag nog verder die toekoms in. En elke volgende geslag doen omtrent dieselfde. Gevolglik begin baie mense dan dink dat daar nooit 'n laaste dag sal aanbreek, want alles gaan dan so normaal voort. Die laaste dae gaan nie nou aanbreek nie. Die laaste dae het reeds aangebreek. Van die hemelvaart van ons Here Jesus af en van die dag dat die Heilige Gees op die kerk uitgestort is, loop die duiwel soos 'n brullende leeu rond en soek wie hy kan verskeur. Ons het trouens al verlede keer gesien dat daar van elkeen van die eerste drie koninkryke steeds iets in die wêreld van tans teenwoordig is. En dit waarop op die vierde koninkryk uitloop is alreeds teenwoordig in die wêreld. Die kerk van die Here lewe in die laaste dae.

Broers, susters en kinders, kom ons luister mooi na wat die Here oor hierdie laaste dier aan Daniël geopenbaar het. Dit was vir Daniël duidelik dat die leeu, beer en luiperd opeen-

volgende wêreldryke is. Die volkeresee is die broeiplek van hierdie gediertes. By tye lyk die oppervlakte van die see van mense heel kalm en rustig. Dit skyn of daar vrede en eensgesindheid tussen die nasies en tale is. Maar wanneer die vier winde van die hemel hierdie volkeresee in beroering bring, spring hebsug en haat daaruit te voorskyn. Dan lyk die wêreldtoneel soos 'n kokende pot waar nasies en volke mekaar aan die keel gryp.

Die volkeresee is 'n misleidende gesig. Op die oppervlak mag dit soms kalm en rustig lyk, maar onder die oppervlak lê die moeilikheid en broei. Net die geringste beweging maak van die oënskynlike kalm see 'n kokende massa. Dit is net die mense wat deurtrek is van humanistiese gedagtes en evolusionêre denkbeelde wat die verwagting koester dat die wêreld in geheel tog in vrede met mekaar sal lewe. Hierdie vrede is en sal maar net iets denkbeeldigs bly. Solank as wat daar nie met die sonde weggedoen is nie, sal oorloë en geweld voortduur. Sal die onrus nie minder word nie, maar in felheid toeneem. Die wêreld en die mensdom kan nie self wegdoen met die sonde nie. Hulle kan dit slegs met hulle denkbeelde toesmeer of versuiker. Dit is net die Here Jesus alleen wat die sonde uit die hart van die mens kan verwyder.

Dat die onreg en boosheid hand oor hand gaan toeneem, het Daniël in die opkoms van die vierde ryk gesien. Hierdie wêreldryk het verskil van al die koninkryke voor hom. Hy sal die hele aarde verslind, vertrap en verbrysel. In sy vernielsug en geweld gaan hy al die vorige koninkryke oortref.

Sommige verklaarders identifiseer hierdie vierde koninkryk in Daniël se visioen met die Romeinse ryk. Wanneer 'n mens hierdie dier bekyk in vergelyking met die vierde deel van die beeld in Nebukadnesar se droom is daar 'n ooreenkoms. Die ysterbene van die beeld en die ystertande van hierdie dier stem ooreen. Die Romeinse ryk – die vierde ryk in Nebukadnesar se droom – het ook 'n onversadigbare oorwinningsdrang gehad. Hulle wou die hele wêreld aan hulle onderwerp en hulle het dit tot 'n groot mate reggekry in Europa, die Midde-Ooste en Afrika. Maar in Daniël se visioen het hy gesien dat hierdie dier tien horings het – dit is tien konings – en daarna kom daar 'n elfde koning op die toneel wat oorlog voer teen die heiliges van die Allerhoogste. En dan vind die oordeel plaas en daar kom nie weer 'n wêreldse koninkryk op die aarde nie. Hierdie dinge maak dit duidelik dat die vierde dier nie uitsluitlik op die Romeinse ryk wys nie.

Dit lyk eerder of 'n mens die vierde dier so moet beskou. Uit die Romeinse ryk het tien horings gekom. Hierdie tien horings is nie net letterlik tien konings nie maar die volheid van al die regeerders en alle maghebbers wat na die Romeinse ryk oor die hele wêreld regeer het, wat tans regeer en sal regeer tot die opkoms van daardie laaste gewelddadige koning. As 'n mens net weer die beeld in Nebukadnesar se droom bekyk, sien 'n mens dat daar 'n vyfde ryk was met 'n element van die vierde ryk. Die voete van die beeld was 'n mengsel van yster en klei. In baie lande regoor die wêreld is daar iets van die Romeinse ryk wat behoue gebly het – elemente van die Romeinse regstelsel wat uitmond in die regeringsvorme in hierdie lande.

Hierdie vierde ryk verslind die hele aarde, vertrap en verbrysel dit. Tekens van hierdie vierde ryk is nie net in die regstelsel in baie lande op te merk nie. Die mensdom oor die wêreld heen is aan die beweeg na 'n een wêreldstaat wat deur een wêreldgees gedryf word. Alle lande se ekonomie is reeds in die wêreld ekonomie verstrengel. Nou bly daar nog oor een wêreldgodsdien.

Tekens van hierdie wêreldse eenheid sien 'n mens op verskeie terreine. Die Europese Unie – een parlement met 'n eensgesinde ekonomie. Die pogings om die Afrika Unie

hegter te maak. Die Verenigde Nasies wat al vir baie jare bestaan en tog op 'n manier 'n seggenskap in vele regerings al het. Die Wêreldraad van Kerke en die pogings wat aangewend word om die verskille tussen godsdienste te vervaag. Selfs op kleiner skaal is hierdie saamkoekery van die mensdom in een rigting ook sigbaar. Dit gebeur in lande waar eenpartystate die septer swaai.

Die politiese verwickelinge wat tans besig is om plaas te vind toon aan dat hierdie laaste wêreldryk nog nie by daardie punt van absolute eenheid is nie. Brexit en die politieke landskap van die VSA tans wys dit. So ook die neiging na die politiese regterkant toe in verskeie van die Europese lande. Maar hierdie verwickelinge is bloot 'n verposing in die groeimomentum van die vierde wêreldryk. Hierdie vierde dier herinner nogal baie aan die dier uit die see wat Johannes gesien het (Open 13). En in daardie openbaring van die Here kom 'n mens agter hoe uitgeslape die duiwel is. Stadig maar seker maak hy die wêreld gewoond aan die idee van 'n een wêreldryk. En wanneer daardie afskuwelike laaste horinkie sy opwagting maak, sal die wêreldse mense nie eers die moeilikheid raaksien nie.

Daniël sien ook dat hierdie elfde horing aanvanklik klein is. Maar dan neem hy toe in aansien en statur. Onder hierdie laaste regeerder sal die grense tussen lande heeltemal wegval. Die wat hulle nie aan hom onderwerp nie sal verbrysel word. Tans ken ons nog 'n demokratiese regeringstelsel, maar dit gaan nie tot op die laaste dag duur nie. Die laaste regeerder gaan 'n diktator wees in die wêreldryk. Die despote en tiranne wat die wêreld in die verlede geken het, sal slegs miniatuurweergawes van hierdie laaste regeerder wees.

Wanneer hierdie laaste regeerder die ganse wêreld aan hom onderwerp het, sal dit nie meer volke en nasies wees wat teen mekaar opstaan nie. Onder hierdie laaste koning word die hele wêreld gekommandeer teen die heiliges van die Allerhoogste en teen die Allerhoogste God self. Hierdie laaste regeerder het 'n naam hoor ons in die Nuwe Testament. Hy word genoem die wettelose mens, die seun van die verderf. Maar sy bekendste naam is Antichris.

Daniël het drie dinge opgemerk wat hierdie laaste koning gaan aanvang. Hy spreek teen die Allerhoogste. Hy sal God belaster op die afgrysklikste maniere denkbaar. Hy sal God vloek en vervloek. Hy sal die Godheid van Jesus Christus ontken en mense laat verstaan dat Jesus nie die enigste Verlosser is nie. Hierdie dinge is nou al nie onbekend in die wêreld nie. Hoeveel keer het jy al gehoor hoe die Naam van God en ons Here Jesus vir 'n kragwoord gebruik word wanneer mense kwaad word of skrik? Hoe baie maal het jy al gehoor dat mense nie wil erken dat Jesus die Seun van God is nie? Die duiwel is reeds besig om die wêreld gewoond te maak aan die lasterlike woorde van die Antichris.

Dit is nog net die ware gelowiges wat nie hierdie lastering van God kan verdra nie. Maar as ek en jy agterkom dat ons ook nie meer so erg gepla is wanneer ander mense God en sy Seun laster nie, moet ons dringend ondersoek doen na onself. Anders gaan die gees en gesindheid van die vierde ryk net dieper en dieper in ons lewens inwurm en nesskop.

Die tweede ding waarvoor die laaste koning berug gaan wees is die mishandeling van die heiliges van die Allerhoogste. Die Antichris sal die hele mensdom se visier op die gelowiges instel. Sy taktiek gaan nie een geweldadige uitwissing van die kerk wees nie. Dit is eerder 'n meedoënlose en aanhoudende teistering van die gelowiges om hulle uit te mergel. In verband met hierdie uitmergelende verdrukking van die gelowiges gee Jesus self die troos. Ter wille van die uitverkorenes – ter wille van die mense vir wie Hy aan die kruis betaal het – sal God die tyd van die verdrukking inkort.

Hierdie soort verdrukking is nou al bekend aan ons. In sommige lande word die kerk van Jesus Christus nou al aanhoudend geteister sodat die gelowiges moedeloos moet word en die geloof in Christus versaak. Maar dit is nie hoe die Antichris en die goddelose wêreld sal aanhou nie. Daar gaan 'n stadium kom dat hy deur God toegelaat gaan word om die kerk met afgryslike geweld te tref en selfs die heiliges oorwin deur hulle te dood. Vir die goddelose gaan dit na 'n oorwinning lyk, maar dit is 'n skynoorwinning. Selfs nie eers die dood kan die gelowiges van die liefde van God skei nie.

Beleef ek en jy tans al verdrukking omdat ons in Jesus Christus glo? Moenie dat dit jou moedeloos maak nie. Daardie verdrukking is vir jou 'n teken dat Jesus Christus jou verlos het en dat jy aan God behoort. Wanneer die wêreldse mens jou nie meer van die ongelowige langs jou kan onderskei nie, moet jy bekommerd raak, want dan sien hulle nie meer die beeld van Christus in jou lewe raak nie.

Die Antichris sal selfs probeer om wet en tye te verander. Die Antichris sal poog om die ganse wêreldbestuur in sy hande te neem en hom self voordoen as die een wat alles voorsien wat die mensdom nodig het. Aan die Tessalonisense skryf Paulus dat die Antichris homself as God sal voordoen. Die Antichris sal ook die lewe totaal probeer omkeer in die samelewing. Alles wat nog die gees van die Christelike geloof dra moet uit die samelewing verwyder word. Wat vroeër nog as verkeerd beskou is, sal deur die Antichris as goed geprys word. Wat goed was, sal deur die Antichris as 'n euwel bestempel word.

Hierdie optrede van die goddelose wêreld is nou al nie onbekend nie. Met vernuftigheid word die regstelsel so gemanipuleer dat die boosdoeners skotvry kom en die slagoffers aan die pen ry.

Wat tans in die wêreld aan die gebeur is, is die oploop na daardie tydstop wanneer die Antichris ten volle beheer oorneem in die wêreld. In daardie tyd sal dit 'n verdrukking van die gelowiges wees soos wat daar nog nooit was nie, sê Jesus. Maar die troosryke is dat God ook aan Daniël bekend gemaak het hoe lank dit gaan duur – 'n tyd en tye en 'n halwe tyd. Hieruit moet 'n mens nie sommer maar net aflei, soos baie mense al gedoen het, dat dit net drie en 'n half jaar van uiterste verdrukking onder die Antichris sal wees nie.

Nou wat openbaar die Here dan met hierdie tydsaanduiding? Die verdrukking gaan in stygende lyn erger word. Eers gaan dit 'n tyd lank duur. Gedurende hierdie tyd sal die gelowiges nog verhoë rig, maar dit gaan die tweede periode inlei – die tye. Die verdrukking sal dan in hierdie tweede periode erger wees en waarskynlik langer duur. Dan breek daar 'n derde periode aan, waarin die vure sekerlik nog warmer gestook sal word teen die kerk. Terwyl die Antichris nog ewe vrolik besig is met al misdade teen God en Christus se kerk, beëindig God alles. Jesus Christus sal verskyn en die wettelose mens met die asem van sy mond verdelg.

Geliefdes, geen gelowige moet verbaas wees as hy verdrukking ly nie. Christene is mos anders as wêreldlinge. Of hoe? Die liefde, blydschap, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing straal mos uit Christene se lewens uit? As die vrug van die Gees in jou teenwoordig is en groei, sal jy uitstaan tussen die ongelowiges. Indien ek en jy nie uitstaan tussen die ongelowiges nie, is dit tyd dat ons daadwerklik kyk na ons verhouding met die Here. Is dit wat ons dink dit is en behoort te wees?

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 2-7:2, 3 (Sb 37)

- 2 Die lied van Moses, kneg van God, / het hul tot eer van God gesing,
en aan die Lam, vir hul geslag, / oorwinnaarshulde toegebring:
Hoe groot en wonderbaar, o Heer, / hoe billik, reg en almagsterk,
hoe waar en trou, o Koning van / die heiliges is al u werk!
- 3 Wie sal, o Regter, U nie vrees, / u Naam nie in die reine sfeer,
na so 'n storm en oordeelswerk, / met sange van oorwinning eer?
U's heilig, Heer: die nasies kom / om U die hoogste eer te gee;
want nou het u regverdigheid / grootglansend aan die dag getree."

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Katkisasieopening

Psalm 100:1, 4 (p. 494)

- 1 Juig, al wat leef, juig voor die HEER! / Dien God met blydschap, gee Hom eer;
kom nader voor sy aangesig, / en prys Hom met 'n lofgedig!
- 4 Want goedertieren is die HEER; / sy goedheid eindig nimmermeer;
sy trou en waarheid hou hul krag / tot in die laaste nageslag.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
19 Februarie 2017